

2 November

Skrifgedeelte: Jesaja 62:1-12

Fokusgedeelte: Jesaja 62:5,10

Die gewilde lidmaat

God se belofte dat Jerusalem 'n gewilde stad sal wees (vers 12), sê ook iets oor die inwoners van daardie stad. 'n Gewilde stad het gewilde inwoners. Jerusalem se inwoners is gewild want hulle is by God gewild. Hy het hulle lief (vers 4). Hy verlos hulle (vers 12). God is bly oor hulle (vers 5). Hy sorg dat hulle die vrugte op hulle werk kan geniet (vers 8-9).

Die volheid van hierdie profesie sal ons in die Nuwe Jerusalem sien. Die waarheid daarvan skemer egter nou reeds deur vir die lidmate van Christus se kerk. Ook jy is God se geliefde. Hy wys dat hy jou liefhet deur sy eie Seun vir jou sondes te laat sterf. God is bly oor jou. Hy wil jou werk seën.

Hoe gedra sulke gewilde lidmate hulle? 'n Gewilde lidmaat is 'n "gewyde" lidmaat (vers 12). *Gewyd* beteken "geheilig en afgesonder vir God se diens". Die gewilde lidmate van ons Skrifgedeelte doen dus die volgende:

- Hulle verbind hulle opnuut aan die kerk van Christus en sorg daarvoor (vers 5).
- Hulle maak die deure van die kerk wyd oop en gaan uit na die wêreld toe met die goeie nuus van God se redding en koms (vers 10a).
- Hulle verwyder elke moontlike struikelblok wat kan verhinder dat mense kerk toe kom om God te aanbid (vers 10b).
- Hulle steek die banier (vlag) van hulle Christelike belydenis hoog op, vir almal om te sien (vers 10c).

Sulke gewildheid is aansteeklik. Die inwoners van Jerusalem ontvang die uitverkorenes van God wat met groot blydschap voor Hom uitloop (vers 11). Saam wag hulle op sy koms, op die bruilof van die Lam.

Dr WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)